# Les 22 GOD SORG VIR ONS AL WIL MENSE ONS NET MISBRUIK

## 1. Aansluiting

Ons is besig om te kyk hoe God vir ons sorg en hoe al die verkeerde dinge wat mense met ons doen, nie God se plan vir ons kan keer nie. Dit is hoe Josef in die Here geglo het: *“[20]Julle wou my kwaad aandoen, maar God wou daarmee goed doen: Hy het gesorg dat ’n groot volk nou in die lewe gebly het. [21]Moenie bang wees nie. Ek sal sorg dat julle en julle kinders kos het.”*(Gen. 50) Alles wat mense gedoen het om vir hom sleg te wees, het God gebruik om vir Josef goed te wees. Vandag kyk ons weer na so ’n slegte ding wat iemand met Josef wou doen.

## 2. Die Here maak Josef veilig

Josef is verkoop om ’n slaaf in Egipte te word. Almal het gedink hy gaan daardie groot piramides in Egipte help bou. Dit was waar al die slawe hulle doodgewerk het. As jy ’n slaaf van die koning was wat piramides moes bou, dan was dit gou-gou en jy was dood. Maar kyk wat doen die Here met Josef!

*“Josef is na Egipte toe gebring. Potifar, ’n amptenaar van die farao en hoof van die lyfwag, ’n Egiptenaar van geboorte, het vir Josef by die Ismaeliete gekoop wat hom Egipte toe gevat het. [2]Die Here was by Josef en dit het baie goed gegaan met hom. Hy het in die huis van sy eienaar, die Egiptenaar, gebly. [3]Toe Potifar, Josef se eienaar, sien dat die Here by Josef is en dat die Here alles wat Josef aanpak, laat slaag, [4]was Potifar hom goedgesind. Hy het Potifar se persoonlike slaaf geword en Potifar het hom aangestel oor sy hele huishouding, en al sy besittings is onder Josef se sorg geplaas. [5]Van toe af het die Here die huis van die Egiptenaar geseën. Dit was oor Josef dat die Here dit gedoen het. Die seën van die Here het gerus op al Potifar se besittings, dié in sy huis en dié in die veld. [6]Hy het alles aan Josef oorgelaat en hom aan niks gesteur nie, behalwe aan sy kos*.” (Gen. 39)

Die Here keer dat Josef ’n slaaf word wat piramides bou. Een van die koning se belangrike mense koop Josef. So word Josef die voorman van ’n belangrike man in Egipte. Omdat Josef bly glo het dat God vir Hom goed is en goed sal doen, werk hy hard en goed vir Potifar, al is hy ’n slaaf.

En omdat die Here vir Josef goed is en goed bly, gaan dit toe ook baie goed met sy baas. Kyk hoe anders laat die Here dit met Josef gaan as wat sy broers wou hê dit moet met hom gaan! Sy broers wou hom sien as iemand wat homself in die son en terwyl mense hom met swepe slaan, doodwerk. Hulle wou hê hy moet doodgaan in Egipte. En toe maak die Here Potifar se huis vir Josef ’n veilige plek waar dit met hom baie goed gaan.

## 3. ’n Snaakse tannie wil Josef verneder

Maar binne-in hierdie plek wat die Here vir Josef gegee het om veilig te wees teen sy broers se moordplanne, is daar nog iemand wat Josef wil kwaad aandoen. En

hierdie keer is dit ’n tannie. Dit is Josef se baas se vrou. Hierdie tannie is snaaks. Kyk hoe snaaks is sy:

*“Josef was fris gebou en mooi. [7]Na sy bevordering in sy eienaar se huis het dié se vrou na Josef gekyk en vir hom gesê: “Kom slaap by my.” [8]Maar hy wou nie en hy het vir sy eienaar se vrou gesê: “Meneer steur hom aan niks vandat ek hier is nie. Wat hy besit, het hy onder my sorg geplaas. [9]Daar is niemand wat in hierdie huis meer gesag het as ek nie. Meneer het niks van my teruggehou nie, behalwe vir u, want u is sy vrou. Hoe kan ek so ’n verkeerde ding doen? Ek sal mos teen God sondig!” [10]Sy het dag vir dag by Josef aangehou, maar hy het bly weier om by haar te gaan slaap. [11]Op ’n dag toe Josef in die huis ingaan om sy werk te doen, was daar niemand van die ander slawe in die huis nie. [12]Toe gryp Potifar se vrou hom aan sy klere en sê: “Kom lê by my.” Maar Josef het buitentoe gevlug, terwyl sy ’n stuk van sy klere in haar hand bly hou. [13]Toe sy sien dat hy buitentoe gevlug het terwyl sy ’n stuk van sy klere in haar hand bly hou, [14]roep sy die ander slawe van haar huis en sê vir hulle: “Kyk, Meneer het hierdie Hebreër na ons toe gebring om ons te kom verneder. Hy wou by my kom slaap, maar toe ek hard begin skree [15]en hy hoor hoe hard ek aanhou roep, het hy buitentoe gevlug en hierdie stuk klere by my gelos.” [16]Sy het die stuk klere by haar gehou tot Josef se eienaar huis toe gekom het. [17]Sy het alles vir hom vertel en vir hom gesê: “Die Hebreeuse slaaf wat jy hier by ons ingebring het, het by my kom aanlê, [18]maar toe ek hard aanhou roep, het hy buitentoe gevlug en hierdie stuk klere by my gelos.” [19]Toe Josef se eienaar by sy vrou hoor wat sy slaaf alles aan haar gedoen het, was hy kwaad, [20]en het hy vir Josef gevat en in die tronk gegooi waarin die mense was wat deur die koning gevange gehou is.” (Gen. 39)*

Josef is ’n mooi en sterk tienerseun. Die tannie se snaaksheid is dat sy graag wil hê Josef moet saam met haar kaal wees.

Josef wil graag goeie werk doen vir sy eienaar. Hy wil graag sy pligte nakom en alles doen wat sy baas vir hom sê. Hy wil graag hê dit moet goedgaan met sy eienaar se huis en alles wat sy eienaar besit. Daarom is hy hardwerkend en pligsgetrou.

En wat sien hierdie tannie as sy na Josef kyk? Sy sien niks van sy goedheid nie. Sy sien nie hoe pligsgetrou, hoe hardwerkend, hoe gehoorsaam en hoe lojaal Josef is nie. Sy wil hom net sonder sy klere, kaal sien.

Wat noem ’n mens dit as iemand jou net sonder klere kaal wil sien en nie wil sien hoe goed jy is en hoe hard jy werk nie? ’n Mens noem dit vernedering. Vernedering is wanneer mense jou nie kan raaksien vir alles wat jy probeer doen nie, maar sommer net kaal en sonder klere wil sien. Vernedering is wanneer mense nie saam met jou goed wil wees en saam met jou wil goed doen nie. Hulle wil net kaal wees saam met jou.

**4. Josef luister nie na sy baas se vrou nie**

Laat Josef hom verneder? Nee. Hy wil trots bly leef. Hy wil trots wees omdat sy baas kyk na hoe goed hy is en hoe hard hy werk. Hy wil nie verneder en skaam wees omdat ’n snaakse tannie hom kaal wil sien nie.

Maar dit is nie vir Josef maklik om nee te sê nie. Sy is regtig die baas se vrou. Sy het baie mag en hy moet altyd na haar luister omdat sy die baas se vrou is. Maar toe sy hierdie verkeerde ding wil doen, toe sê Josef: “Nee!”, al is sy die baas se vrou en al moet hy eintlik na haar luister as sy opdragte gee.

Dit wys ons dat kinders en tieners nooit na grootmense mag of moet luister wat sê hulle moet kaal uittrek, of saam kaal wees nie. Dit is nie iets wat enige grootmens vir ’n kind of tiener mag sê nie. Kinders mag nooit gehoorsaam wees aan hierdie soort opdrag of begeerte van grootmense nie. Dit is wat die Here van kinders verwag. Om net soos Josef, vir sulke grootmense net: “Nee!” te sê.

**5. Snaakse ooms en tannies maak altyd asof dit die kinders of tieners se plan is**

Hierdie tannie maak soos al die snaakse ooms en tannies altyd met kinders en tieners maak. Hulle hou nooit op nie. Hulle hou net aan en aan om te probeer om kinders en tieners uit hulle klere te kry. Josef is skaam en kwaad. Hy wil gesien word vir al die goeie dinge wat hy probeer doen. Maar sy wil hom net kaal sien.

Eendag kan sy nie meer uithou nie en gryp vir Josef om sy klere uit te trek. Hy hardloop weg, maar sy skeur ’n stuk van sy klere van sy lyf af.

Dan doen hierdie snaakse tannie wat al sulke snaakse ooms en tannies altyd doen: sy maak asof dit Josef is wat háár kaal wou sien. Sy lieg en verdraai alles. Dit is hoe al hierdie snaakse ooms en tannies maak. Hulle maak altyd asof dit die kinders of tieners is wat ou ooms en tannies kaal wil sien, al is dit nooit so nie. Dit weet almal. Daarom dreig hulle ook baiekeer die kinders of tieners by wie hulle so aanhou, en sê hulle gaan vir almal sê dit was die kinders of tieners se plan, nie hulle eie nie.

**6. ’n Lekker dom baas en ’n slaaf wat nie mag praat nie**

Potifar maak die fout van sy lewe. Hy glo sommer dadelik sy vrou se liegstorie. Dit was omdat slawe in daardie jare nooit mag teëpraat het as hulle base of eienaars iets gesê het nie. Hulle moes net stilbly en alles aanvaar wat die baas doen of sê. Al luister hy na liegstories en al neem hy die verkeerde besluit.

Daarom mag daar nooit slawe-eienaars en slawe wees nie. Mense moet altyd vry wees om te kan praat en na mekaar te kan luister. Daarom mag niemand, volgens die Here se wil, hulleself soos ’n slawe-eienaar of slaaf gedra nie. Grootmense is nooit kinders se base nie en kinders mag nooit grootmense se slawe wees nie.

Almal moet altyd met mekaar kan praat en na mekaar kan luister. Grootmense moet ook na kinders en tieners luister as hulle oor dinge praat, net soos kinders en tieners na grootmense luister as hulle oor dinge praat.

Maar Potifar wil eienaar wees en hy wil hê Josef moet slaaf wees. Daarom luister hy nie en gee Josef nie kans om te praat nie. En daar moet Josef tronk toe gaan omdat hy nie kaal saam met die ou tannie wou wees nie en omdat die tannie oor hom gelieg het omdat hy nie wou nie. Dit noem ons ’n skande. Josef moet tronk toe gaan terwyl almal dink dit is omdat hy kaal met sy baas se vrou wou wees.

Dink julle nie dit moet Josef heeltemal moedeloos maak nie? Net toe die Here hom veilig maak teen sy broers se slegte planne en vir Josef goed is in Egipte, kom ’n snaaks tannie en sy maak die veilige plek wat die Here vir Josef gee, ’n plek van skaamte en skande.

**7. God sorg vir ons, maar mense wil ons misbruik**

Dit is hoe sleg sulke ooms en tannies is. Hulle maak die veilige plek wat die Here vir kinders en tieners gee, ’n plek van skaamte en skande. Die Here sorg vir ons, maar baie mense wil ons net misbruik. Hulle wil kinders en tieners nie raaksien vir wat die Here hulle laat doen nie. Hulle wil kinders en tieners net kaal sien.

Dit is wat julle moet onthou as julle al die kaal prentjies sien wat grootmense op TV, rekenaars en selfone vir kinders en tieners wys. Dit is nie hoe die Here dit wil hê nie. Hierdie is snaakse ooms en tannies wat net kinders en tieners wil misbruik. Hulle wil nie kinders en tieners sien as die Here se kinders wat doen wat die Here vir hulle gee om te doen nie. Hulle wil nie kyk na hoe goed en pligsgetrou kinders en tieners wil werk nie.

En dan wil hulle hê kinders moet slawe wees en grootmense moet base wees. Kinders moet net stilbly. Kinders mag nooit praat oor hierdie skaamte en skande nie. Hierdie grootmense wat dink hulle is base, wil hê dat kinders en tieners moet glo dat mense altyd sal dink dit was húlle, en nie die grootmense nie, wat so snaaks wil wees.

Hulle wil die veilige plekke wat die Here vir kinders en tieners gee, plekke van skaamte en skande maak.

Dit is wat ons moet ontdek. Die Here sorg, en wil altyd vir ons sorg. Dit is mense wat ons wil gebruik en verneder. Kinders en tieners se vernedering en skaamte kan nooit iets wees wat God wil hê nie. God wil dat kinders en tieners trots kan leef en dat mense kan sien hoe hulle die Here dien.

As julle weer sulke kaal prente op die rekenaar, TV of selfone sien, dan kan julle weet: hierdie is net snaakse ooms en tannies wat kinders en tieners misbruik. Hulle wil die veilige plekke wat die Here vir kinders en tieners gee, plekke van skaamte en skande maak. En dan wil hulle hê mense moet dink dis die kinders en tieners se skuld.

Gelowiges kan en sal nooit sulke mense glo nie. Ons glo altyd die Here gee kinders en tieners veilige plekke en dis mense wat kinders en tieners misbruik. Dit werk nooit andersom nie. Gelowiges wil altyd sien hoe kinders wys dat hulle die Here dien en hoe hulle pligsgetrou hulle werk doen.

Pappa of Mamma moet hier teken nadat jy die les vir hulle gewys het:

________________________________

Handtekening: ouer of voog